GC2347 SA Afr v1 6/4/10 12:44 PM Page 1

| HOOFBEPALINGS | SUID-AFRIKA |
|---|---|
| infeksies te voorkom.<br>✓ Universele toegang tot MIV en VIGS-behandeling vir geïnfekteerde mans, vroue, seuns en dogters te verseker.<br>✓ Responsiewe programme te hê wat erkenning gee aan die werk van versorgers en wat hulpbronne en ondersteuning vir hul welstand bied.<br>✓ Mans moet aangemoedig word om die verantwoordelikheid van versorging te deel. | voorkoming, berading, behandeling, kwesbare weeskinders (OVC), voorkoming van moeder tot kind oordrag (PMTCT); die strategie is holisties ten opsigte van sy benadering en strek oor 'n tydperk van vyf jaar.<br>✓ Suid-Afrika beskik oor 'n omvattende plan vir die bestuur, behandeling, versorging en ondersteuning van persone met VIGS. Teen September 2007 het die plan al ongeveer 370, 000 persone in die openbare sektor vir ARV-behandeling geregistreer, en 'n geraamde 120, 000 in die privaatsektor. Dit is tans die grootste behandelingsprogram vir VIGS ter wêreld.<br>✓ Daar is 'n dokument binne die beleidsraamwerk van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling; maar dit is onduidelik tot watter mate sodanige dokument geïmplementeer is. Dit is aangeteken in die HCBS-dokumentraamwerk. |
| **BEPALING 28: VREDESTIGTING EN KONFLIKRESOLUSIE** | |
| Teen 2015:<br>Sal maatreëls al ingestel wees om gelyke verteenwoordiging van vroue in konflikoplossing en vredestigtingprosesse te verseker, sowel as die integrasie van 'n geslagsperspektief in die oplos van konflik in die streek. | ✓ Suid-Afrika het die Protocol to the African Charter on Human and People's Rights of Women in Africa, bekragtig. Hierdie Protokol maak voorsiening vir vroue se reg op vrede en beskerming tydens gewapende konflik. |
| **BEPALING 29-31: MEDIA, INLIGTING EN KOMMUNIKASIE** | |
| Teen 2015:<br>✓ Sal geslag deel wees van die hoofstroom in alle inligting-, kommunikasie- en mediabeleide en wette.<br>✓ Vroue sal gelyke verteenwoordiging het in alle areas en op alle vlakke van mediawerk.<br>✓ Vroue en mans sal 'n gelyke stem in die media geniet.<br>✓ Programme vir, deur en oor vroue sal toeneem en die media sal geslags-tereotipering uitdaag. | ✓ Die nuus in alle media in Suid-Afrika word in en deur die stemme en perspektiewe van mans vertel. Vroue het slegs 19% van die bekende nuusbronne gevorm, vergeleke met 'n gemiddelde van 17% vir die streek.<br>✓ Die Gender and Media Baseline Study 2002 het getoon dat vroue nie net erg onderverteenwoordig is nie, maar dat daar ook wanvoorstelling ten opsigte van vroue in die media is.<br>✓ Die volgehoue voorstelling van vroue in passiewe, ondergeskikte rolle is medepligtig aan 'n onderdrukkende geslagsbestel ondersteun.<br>✓ Dit strook nie met die werklikheid nie en die media het 'n verantwoordelikheid om vroue in diverse rolle, beroepe en posisies voor te stel. |
| **BEPALING 32-35: IMPLEMENTERING, MONITERING, EVALUERING** | |
| ✓ Die implementering van die Protokol moet deur 'n komitee van ministers betrokke by geslags-/vrouekwessies, 'n komitee bestaande uit senior amptenare belas met geslags-/vrouekwessies en die SAOG-Sekretariaat gemonitor word.<br>✓ Ontwikkeling van nasionale aksieplanne wat op die Protokol gegrond is.<br>✓ Die insameling van grondlyndata vir monitering en evaluering.<br>✓ Die Protokol vereis dat lidlande elke tweede jaar omvattende verslae aan die Sekretariaat voorlê waarin die vordering wat gemaak is ten opsigte van die implementering van die bepalinge, aangedui word. | ✓ Alhoewel Suid-Afrika die SAOG Protokol oor Geslag en Ontwikkeling onderteken het, het hy nog nie hierdie instrument bekragtig nie.<br>✓ Die Protokol sal die goedkeuring van albei die huise van die parlement vereis. Dit vereis weer die ter tafel lê, bespreking en die aanvaarding van 'n formele resolusie in beide die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies.<br>✓ Die nasionale geslagsbeleid weergee in breë trekke die struktuur en funksies wat fasiliterend inwerk op die nasionale geslagsmasjinerie vir die bemagtiging van vroue; elkeen is strategies op die hoogste vlak van regering geleë.<br>✓ In soverre dit monitering en evaluering betref, het die nuutgevormde Ministerie in die Presidensie: Prestasiemonitering en -evaluering asook Administrasie in die Presidensie die mandaat om te verseker dat noodsaaklike en doeltreffende monitering en evaluering van alle regeringsbeleide, programme en sake, wel, oor die algemeen plaasvind. |

## Belangrikheid van die Geslagsprotokol

Die SAOG Protokol oor Geslag en Ontwikkeling het die SAOG Verklaring oor Geslag en Ontwikkeling verhef tot die mees bindende van die streeksorganisasie se instrumente. Met 30 substantiewe teikens ten opsigte van die bereik van geslagsgelykheid teen 2015, is hierdie inisiatief 'n wêreld eerste en plaas dit SAOG aan die voorpunt van vernuwende strategieë wat daarop gemik is om aan globale en kontinentale verbintenisse op substreekvlak betekenis te gee.



## Vennote tot die SAOG Geslagsprotokol-inisiatief uit die burgerlike samelewing

Die Suider-Afrikaanse Geslagsprotokol Alliansie (Alliansie)[1], 'n versameling van meer as 40 NRO's op nasionale en streeksvlak, is al sedert 2005 aan spits van 'n veldtog om die aanvaarding, bekragtiging en implementering van die SAOG Geslagsprotokol.

Die Alliansie werk op grond van tematiese groepe wat onder leiding staan van lede wat ook deel uitmaak van die beheerkomitee. Die beheerkomitee bestaan uit die volgende organisasies:

- Gender Links - algehele koördinerende NRO; ook leier-NRO vir die Groep op Geslaggebaseerde Geweld.
- Zimbabwe Women Resource Centre and Network - leier-NRO vir die Geslag en Ekonomiese Regverdigheidsgroep.
- Gender Advocacy Programme - leier-NRO vir die Geslag- en Beheergroep.
- Gender and Media Network of Southern Africa - leier-NRO vir die Geslag- en Mediagroep.
- SAfAIDS - leier-NRO vir die Gesondheid, Seksuele en Reproduktiewe Regte en MIV/VIGS-groep.
- WLSA - leier-NRO vir die Grondwetlike en Wettige Regte-groep.

Vir meer inligting, kontak
Gender Links
Hoofkantoor Suid-Afrika, Derricklaan 9, hoek van Marciastraat Cyrildene 2198, Johannesburg, Republiek van Suid-Afrika
Tel: +27 (0)11 622 2877, Faks: +27(0)11 622 4732
E-pos: alliance@genderlinks.org.za
www.genderlinks.org.za

[1] The SADC Gender Protocol Alliance comprises: Association of Local Government (ALAN); African Women's Economic Policy Network (AWEPON); Botswana Council of NGOs (BOCONGO); Christian Council of Mozambique; CIVICUS; Federation of African Media Women (FAMW) – SA; GAP; Gender Links (GL); Gender and Media Southern Africa Network (GEMSA); Gender Policy Program Committee (Botswana); Justice and Peace (Lesotho); Malawi Council of Churches; Media Institute of Southern Africa (MISA); NGO Gender Coordination Network Malawi; SAFAIDS; SAMDI; SALGA; Society for Women and AIDS in Africa Zambia (SWAAZ); Trade Collective; Women in Law and Development in Africa (WILDAF); Women in Law in Southern Africa (WLSA); Women, Land and Water Rights Southern Africa (WLWRSA); Namibia Non-Governmental Forum (NANGOF); Women's Net; Young Women's Christian Association Botswana (YWCA); Zimbabwe Women Lawyers Association; Zimbabwe Women's Resource Centre (ZWRCN). Associate Members: African Women and Child Feature Service; Swedish Cooperative Centre - Southern Africa; Diakonia (Zambia).



2347 GEMINI CONCEPTS: 083-306-3229

GENDER EQUALITY IN SADC
THE TIME IS NOW

# DIE SAOG PROTOKOL OOR GESLAG EN ONTWIKKELING

## AANVAAR OP 17 AUGUSTUS 2008

*Die SAOG Protokol oor Geslag en Ontwikkeling:*

**SLUIT IN**
ondernemings aangegaan in alle streeks-, globale en kontinentale instrumente vir die verwesenliking van geslagsgelykheid.

**VERSTERK**
sodanige instrumente deur leemtes te vul en spesifieke, meetbare teikens te stel in gevalle waar dit ontbreek.

**BEVORDER**
geslagsgelykheid deur toerekenings-vatbaarheid deur alle SAOG-lidlande te verseker, sowel as 'n forum daar te stel vir die uitruil van beste praktyke en portuurondersteuning en -oorsig.



Composite

GC2347 SA Afr v1 6/4/10 12:44 PM Page 2

## DIE SAOG PROTOKOL OOR GESLAG EN ONTWIKKELING - 'N OORSIGTELIKE BLIK

| HOOFBEPALINGS | SUID-AFRIKA |
|---|---|
| **BEPALING 4 - 8: GRONDWETLIKE EN WETTIGE REGTE, TOEGANG TOT DIE REGSPLEGING** | |
| Teen 2015:<br>✓ Alle grondwette in die streek moet hul bes doen om spesifiek voorsiening te maak vir geslagsgelykheid en om te verseker dat sodanige voorsiening nie strydig is met enige bepalings, wette of praktyke nie. Die omvang daarvan strek tot by gelykheid tussen vroue en mans binne die huwelik.<br>✓ Alle lande moet wegdoen met enige oorblywende diskriminerende wette; en die "minderheidstatus van vroue", of enige bepalings kragtens die reg, wat vroue afhanklik maak van hul vaders, eggenote, seuns, of enige ander manlike familielid, ophef. | ✓ Die Grondwet maak voorsiening vir die vestiging van 'n soewereine staat, 'n gemeenskaplike burgerskap en 'n demokratiese regeringsbestel wat daartoe verbind is om gelykheid tussen mans en vroue, en mense van alle rasse te bewerkstellig. Voorts maak dit ook voorsiening vir 'n verbod op rasse, geslag- en alle ander vorme van diskriminasie; en bevorder die viering van formele (de iure) en substantiewe (de facto) gelykheid.<br>✓ Artikel 9 van die Grondwet bepaal dat nóg die staat, nóg enige persoon mag direk of indirek op grond van geslag, swangerskap of huwelikstatus teen 'n ander diskrimineer. |
| **BEPALING 9: PERSONE MET GESTREMDHEDE** | |
| ✓ Persone met gestremdhede se gesondheid, welstand en ander regte moet bevorder en beskerm word. | ✓ Suid-Afrika het die konvensie oor die regte van persone met gestremdhede onderteken en bekragtig en het nog verder gegaan deur die Witskrif op Gestremdhede en 'n Geïntegreerde Nasionale Gestremdheidstrategie, bekend as INDS (Integrated National Disability Strategy), daar te stel.<br>✓ Die nasionale Wet op Billike Indiensneming wat billike indiensneming bepaal, se aanhalings ten opsigte van die indiensneming van mense met gestremdhede wat op die privaat- en openbare sektor sowel as die regering van toepassing is, het ook die basiese ongeskiktheidstoelaag verhoog en die bepalinge daarvan na 'n wyer sektor van persone uitgebrei deur middel van die Wet op Maatskaplike Ondersteuning en ook die bekendstelling van 'n beleid op inklusiewe onderwys deur die Witskrif op Onderrig vir Leerders met Spesiale Onderrigbehoeftes. |
| **BEPALING 10: DIE REGTE VAN WEDUWEES EN WEWENAARS** | |
| ✓ Tensy deur 'n hof anders besluit, moet weduwees outomaties voogdyskap en toesig oor hul kinders kry; die reg hê om in die huwelikswoning aan te bly; en 'n billike erfdeel uit haar ontslape man se boedel ontvang.<br>✓ 'n Weduwee sal die reg hê om met 'n persoon van haar keuse te hertrou; en sy sal die reg hê op beskerming teen alle vorme van geweld. Sodanige regte is ook op wewenaars van toepassing. | ✓ Die Suid-Afrikaanse wet op huwelike, insluitend gebruiklike huwelike, inkorporeer die reg om nie aan enige vorm van geweld, insluitend verkragting binne die huwelik en ander vorme van gesinsgeweld onderwerp te word nie. Die Grondwet diskrimineer nie teen vroue ten opsigte van die toestaan van kindverwante regte soos voogdyskap, trusteeskap en aanneming nie.<br>✓ Die belangrikste oorweging ten opsigte van sodanige kwessies is die kind se beste belange soos in die Grondwet gewaarborg. Die de iure gelykheid van vermoënsregte ten opsigte van die burgerlike huwelik, is al vir jare 'n werklikheid.<br>✓ Die Wet op Erkenning van Gebruiklike Huwelike, Wet 120 van 1998 het die gelykheid ten opsigte van eiendomsreg binne die huwelik na vroue en mans wat op grond van gebruiklike reg getroud is, uitgebrei. |
| **BEPALING 11: DIE DOGTER EN SEUNSKIND** | |
| ✓ Beleide, programme en wette moet in plek wees om die beskerming en ontwikkeling van beide die seunskind en dogter te verseker; ingesluit die uitskakeling van alle vorme van diskriminasie in die gesin, gemeenskap, instellings en die regering.<br>✓ Skadelike kulturele houdings en | ✓ Die Grondwet gee aan kinders die reg op 'n naam, burgerskap en 'n mate van sorg. Kinders het kos en beskutting nodig en moet beskerm word teen mishandeling, verwaarlosing en vernedering. Geen minderjarige kind is veronderstel om te werk nie, of om werk te doen wat stremmend op sy of haar onderrig of ontwikkeling inwerk nie.<br>✓ Die gevangenis moet slegs as 'n laaste uitweg gesien word en kinders mag dan ook nie 'n sel met volwassenes deel nie. |

| HOOFBEPALINGS | SUID-AFRIKA |
|---|---|
| praktyke, insluitend geweld en ekonomiese uitbuiting moet uitgeskakel word.<br>✓ Daar moet gelyke toegang tot onderwys en gesondheid wees. | Hulle mag nie deel hê aan oorloë nie en moet gedurende konflik beskerm word.<br>✓ Volgens die tweede sub-artikel, 'n baie belangrike klousule, is 'n kind se belange die belangrikste oorweging in enige saak wat die kind mag aangaan.<br>✓ Die Grondwet waarborg gelyke toegang tot onderwys, gesondheid en ander basiese dienste. Die realiteit is egter dat dit nie altyd die geval is nie, afhangend die gesin waaruit die persoon afkomstig is. |
| **BEPALING 12-13: STAATSBESTUUR (VERTEENWOORDIGING EN DEELNAME)** | |
| ✓ Teen 2015 moet vroue ten minste die helfte van alle besluitnemingsposisies in SAOG binne die privaat- en openbare sektor (insluitend parlement, plaaslike regering en die kabinet) beklee.<br>✓ Lidlande moet verseker dat vroue op doeltreffende wyse aan verkiesingsprosesse en besluitneming deelneem, deur kapasiteit te bou, ondersteuning te verleen en deur die vestiging en verstewiging van strukture om die hoofstroming van geslag te versterk. | ✓ Op grond van die aantal vroue wat in die strukture van politieke partye verteenwoordig word, is die leierskap van sodanige politieke strukture steeds oorheersend manlik.<br>✓ Die ANC se verbintenis tot die 50/50-beginsel binne die verkose leierskap, word op provinsiale vlak gereflekteer. Met geslagspariteit in vyf provinsies, naamlik Oos-Kaap, Vrystaat, Limpopo, Noord-Kaap en die Wes-Kaap, en met 'n algehele gemiddelde van 48%, het die ANC baie na aan sy teiken gekom. Dit wil voorkom asof die ANC verbind is tot die bepalinge van die Protokol.<br>✓ Veertien van die 34 nuwe ministers wat deur President Jacob Zuma aangestel is, is vroue en sommige van hulle is in nie-tradisionele velde soos die korrektiewe dienste, verdediging, binnelandse sake, internasionale betrekkinge en samewerking, mynwese, openbare werke en wetenskap en tegnologie aangestel.<br>✓ Ten opsigte van geslagsverteenwoordiging is daar tans ingevolge die wet geen kwotas nie. In plaas daarvan en in die afwesigheid van sodanige wetgewing, het die ANC as die regerende party homself tot vrywillige kwotas verbind en dus hiermee onderneem om die 50/50-beginsel regoor sy setels op alle vlakke van die regering toe te pas. Die ander partye, naamlik die DA, Inkatha Vryheidsparty en Cope het nie kwotas nie. |
| **BEPALING 14: ONDERWYS EN OPLEIDING** | |
| Teen 2015:<br>✓ Moet daar gelyke toegang tot gehalte onderwys en opleiding wees vir vroue en mans asook hulle retensie op alle vlakke van onderrig.<br>✓ Daar moet geslagsensitiewe onderwysbeleide en programme wees wat daarop gemik is om stereotipes uit te daag en geslaggebaseerde geweld in onderwysinstansies uit te delg. | ✓ Die najaag van gehalte onderwys in Suid-Afrika bly een van die sleutelprioriteite en uitdagings vir Suid-Afrika, gekoppel aan die verbintenis om die toegang tot, en retensie van alle leerders te bewerkstellig en te versterk. Primêre onderwys is verpligtend vir beide dogters en seuns.<br>✓ Op grond van toegang-, inskrywing- en retensiestatistiek vir die onderwys op sekondêre, hoërskool- en tersiêre vlak in 2007, het mans en vroue bykans gelyke verteenwoordiging in gewone skole (49,9% vroue en 50,1% mans) gehad. Die hoogste persentasie van vroue, naamlik 53,0 is in die VOO (FET) (Graad 10-12) band gevind.<br>✓ Die hoofuitdagings is geslagstereotipering in onderwys-kurrikula, opvoedkundige materiaal, meisies se opskopkoers, seksuele geweld en teistering. |
| **BEPALING 15-19: PRODUKTIEWE HULPBRONNE EN INDIENSNAME, EKONOMIESE BEMAGTIGING** | |
| Teen 2015, word daar van regerings verwag om<br>✓ Te verseker dat daar gelyke deelname van vroue en mans in ekonomiese beleidformulering en -implementering is.<br>✓ Hulpbronne toe te ken gebaseer op | ✓ Vroue word marginaal in ekonomiese besluitneming binne die openbare sektor verteenwoordig aangesien dit 'n sfeer is wat grootliks deur mans gedomineer word.<br>✓ Na die 2009 verkiesings het die nuwe regering meer vroue in ministeries met belangrike ekonomiese rolle geplaas, onder andere openbare werke en die nuutgevormde mynwese.<br>✓ Daar is 'n aantal beleide wat daarna streef om gelyke deelname |

| HOOFBEPALINGS | SUID-AFRIKA |
|---|---|
| geslagsresponsiewe begrotings om die behoeftes van vroue en mans op gelyke vlak te hanteer.<br>✓ Gelyke toegang, voordele en geleenthede vir vroue en mans te verseker ten opsigte van handel, entrepreneurskap en openbare verskaffingsprosesse.<br>✓ Alle beleide en wette te hersien wat bepalend inwerk op toegang tot, beheer van, en voordeel uit produktiewe hulpbronne deur vroue, insluitend grond en water.<br>✓ Te verseker dat vroue en mans gelyke toegang tot betaalde indiensneming in alle sektore van die ekonomie het. | deur vroue aan beleidformuleringsprosesse en die implementering van ekonomiese beleide te verseker. Suid-Afrika het beleide daargestel wat vroue se toegang tot krediet verhoog om te verseker dat vroue ekonomies bemagtig word.<br>✓ Deur die toedoen van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling is daar 'n aantal projekte regoor die land wat ekonomiese bemagtiging en volhoubare ontwikkeling fasiliteer.<br>✓ Wanneer, volgens die statistiek, daar met mans vergelyk word, oorheers vroue die industrieë van gemeenskaps- en maatskaplike dienste en privaat huishoudings. |
| **BEPALING 20-25: GEWELD MET GESLAG AS BASIS** | |
| Teen 2015 moet regerings:<br>✓ Verseker dat wette gepasseer of geïmplementeer word wat alle vorme van geslaggebaseerde geweld verbied, en diegene wat vir sodanige geweldadige optredes verantwoordelik is, in die toepaslike howe verhoor.<br>✓ Maatreëls daarstel om norme en praktyke te ontmoedig wat legitimiteit verleen aan die probleem van GGG/GBV of dit wat daartoe bydra.<br>✓ Verseker dat wette ten opsigte van GGG voorsiening maak vir omvattende toets-ing, behandeling en sorg vir persone wat seksueel misdadige aanvalle oorleef.<br>✓ Meganismes daargestel het vir die sosiale en sielkundige rehabilitasie van diegene wat vir GGG verantwoordelik is.<br>✓ Wette uitvaardig om mensehandel te voorkom en holistiese ondersteuning te verleen aan oorlewendes.<br>✓ Wette, beleide en programme daargestel het om seksuele teistering te elimineer.<br>✓ Voldoende ondersteuningsdienste, insluitend inligting, geslagsensitiewe opleiding en onderrig aan alle diensverskaffers, in plek hê.<br>✓ Die huidige vlakke van GGG/GBV met die helfte verminder. | ✓ Die Wet op Gesinsgeweld is 'n stuk sleutelwetgewing in die aanpak van gesinsgeweld en voorsien vroue van 'n relatief eenvoudige en toeganklike prosedure vir die verkryging van 'n interdik teen huweliksmaats wat hulle mishandel. Die wet het 'n breë reikwydte en sluit in fisiese, sielkundige en ekonomiese geweld, sowel as persone wat leef in verhoudings met persone van dieselfde geslag en uitgebreide families.<br>✓ Die aantal gerapporteerde verkragtingsake gedurende 2007 was 36, 190. Die land beskik nie tans oor 'n mensehandelwet nie. Die Prevention of Combating of Trafficking in Persons Bill.<br>✓ Suid-Afrika beskik oor 'n Nasionale Aksieplan en strategieë om geslagsgeweld te beëindig; om alle vorme van geslaggebaseerde geweld in bedwang te hou.<br>✓ Daar is 'n sterk vennootskap tussen die burgerlike samelewing en die regering (plaaslike regering) ten opsigte van die 16 dae van Aktivisme teen Geweld teen vroue en kinders. |
| **BEPALING 26: GESONDHEID** | |
| ✓ Verminder die sterftesyferkoers van moeders met 75%. | ✓ Moeder, kind en vroue se gesondheid en voeding bly steeds een van die Departement van Gesondheid se sorgprioriteite vir die 2007-2009 tydperk.<br>✓ Die huidige sterftekoers van moeders is 400 sterftes per 100 000 wat 'n styging toon vanaf die 230 per 100 000 in 1990. |
| **BEPALING 27: MIV EN VIGS** | |
| Teen 2015, word daar van regerings verwag om:<br>✓ Strategieë te ontwikkel wat geslagsensitief is ten einde nuwe | ✓ Suid-Afrika het 'n Nasionale Strategiese Plan 2007-2011. Hierdie Nasionale Strategiese Plan is die tweede een wat Suid-Afrika ontwikkel het en dit artikuleer die regering se MIV/VIGS-beleid oor 'n wye spektrum van kwessies soos |

Composite